# UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

# FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

# SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE

# JAARBOEK

# VOORGRAADS

# 2013




**DEKAAN: PROF GJ VAN ZYL**
**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE**
**KAMER D22**
**TELEFOONNOMMER: (051) 405-3012**

# INHOUD

| | | |
|---|---|---|
| | | **Bladsy** |
| 1. | KONTAKPERSONE | 3 |
| 2. | AKADEMIESE PERSONEEL | 4 |
| 3. | GRAADPROGRAMME | 6 |
| 4. | WOORDOMSKRYWING | 7 |
| 5. | SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE OM TOELATING | 12 |
| 6. | REGULASIES: ALGEMEEN | 13 |
| 7. | REGULASIES: PROGRAM SPESIFIEK | 26 |

# KONTAKPERSONE

Indien u enige navrae het in verband met die programme in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe, kontak enige van die volgende persone:

## FAKULTEITSBEAMPTE: KEURING EN TOELATING

Me L Du Toit
Interne Posbus G40
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 405-7513
Faks: (051) 401-3226

E-pos: dutoitl@ufs.ac.za

## DIREKTEUR: ADMINISTRASIE

Me M Viljoen
Interne Posbus G40
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 405-3013
Faks: (051) 444-3103

E-pos: ViljoenMA@ufs.ac.za

## AFDELING ONDERWYSONTWIKKELING

Prof MM Nel
Tel: (051) 405 3092
E-pos: nelMM@ufs.ac.za

Dr J Bezuidenhout
Tel: (051) 405 3095
E-pos: BezuidJ@ufs.ac.za

## AFDELING VIR DIE ONTWIKKELING VAN STUDENTELEER

Dr MP Jama
Tel: (051) 405 3394
E-pos: JamaMP@ufs.ac.za

## SKAKELBEAMPTE

Me S Gouws
Interne Posbus G40
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 405-3643
Faks: (051) 444-3103

E-pos: gouwss@ufs.ac.za

***Nota***

***Voorsien asseblief u studentenommer en epos adres (indien toepaslik) op alle korrespondensie aan die Universiteit***

# SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE (SAGB)

## HOOF VAN DIE SKOOL

Dr S Van Vuuren
Interne Posbus G43
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 401 – 3319
Faks: (051) 401- 3641

## DEPARTEMENTSHOOFDE

## DEPARTEMENT ARBEIDSTERAPIE

Me A Van Jaarsveld
Interne Posbus G44
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 401-2829
Faks: (051) 401-3288
E-pos: gnatavj@ufs.ac.za

## DEPARTEMENT FISIOTERAPIE

Dr C Janse van Vuuren
Interne Posbus G30
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 401-3289
Faks: (051) 401-3304
E-pos: JanseVanVuurenEC@ufs.ac.za

## DEPARTEMENT VOEDING EN DIEETKUNDE

Dr R Lategan
Interne Posbus G24
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 401-2894
Faks: (051) 401-2869
E-pos: Nutrition@ufs.ac.za

**DEPARTEMENT OPTOMETRIE**

Prof T Rasengane
Witblok
Kamer 10
Nasionale Hospitaal
Bloemfontein 9301

Tel: (051) 405-2680
Faks: (051) 430-3346

E-pos: rasenganta@fshealth.gov.za

# GRADE

## SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE

**Baccalaureus Grade**

| | |
|---|---|
| **Graad**: | Baccalaureus in Arbeidsterapie |
| **Afkorting:** | B. Arbeidsterapie |
| **Minimum tydperk:** | 4 jaar (voltyds) |
| **Kode:** | 8330 (ou program);  8331 (nuwe program) |

| | |
|---|---|
| **Graad**: | Baccalaureus in Optometrie |
| **Afkorting:** | B. Optometrie |
| **Minimum tydperk:** | 4 jaar (voltyds) |
| **Kode:** | 8311 |

| | |
|---|---|
| **Graad**: | Bachelor of Science in Fisioterapie |
| **Afkorting:** | B.Sc. Fisioterapie |
| **Minimum tydperk:** | 4 jaar (voltyds) |
| **Kode:** | 8320 |

| | |
|---|---|
| **Graad**: | Bachelor of Science in Dieetkunde |
| **Afkorting:** | B.Sc. Dieetkunde |
| **Minimum tydperk:** | 4 jaar (voltyds) |
| **Kode:** | 8360 (ou program);  8361 (nuwe program) |

# WOORDOMSKRYWING

Die volgende woorde, soos gebruik word in die Regulasies van die Fakulteit/Skool, word hieronder gedefinieer om duidelikheid en eenvormige interpretasie te verseker:

**Assessering**

Dit is die proses waardeur die bekwaamheidsvlak van ‘n student bepaal word, en behoort uitgevoer te word deur middel van ’n verskeidenheid van assesseringsmetodes oor ’n tydperk, en in ’n verskeidenheid van verbande.

**Assesseringspunt**

Die punt wat 'n student tydens die assessering gesamentlik in ’n betrokke vraestel of vraestelle/praktiese/kliniese geleentheid van ’n module behaal.

**Assesseringstydperk**

Die tydperk aan die einde van elke semester, soos aangedui in die universiteitskalender, waarin assesserings afgeneem word.

**Assessor**

Die dosent/eksterne assessor in die betrokke module wat die vrae stel en die assesseringskrifte nasien, of mondelinge assesserings en/of praktiese/kliniese assesserings beoordeel.

**Bykomende modules**

Bykomende modules is die wat geneem word addisioneel tot die minimum wat vir die betrokke kwalifikasie vereis word.

**Deurlopende assessering (formatiewe assessering)**

Deurlopende assessering maak deel uit van die assessering van 'n module op 'n deurlopende basis, deur middel van ’n verskeidenheid van assesserings-metodes.

**Dissipline**

’n Gespesialiseerde en afgebakende studieveld.

**Eindassessering (summatiewe assessering)**

Eindassessering is summatief van aard en daarop gerig om te bepaal of die student die vereiste vlak van bekwaamheid, soos deur die leeruitkomstes gestel, bereik het. Eindassessering het die integrering van die onderskeie komponente van die betrokkke module ten doel.

**Eksamenpunt**

Die punt of gesamentlike punt wat verwerf word tydens 'n eksamen in 'n vraestel of vraestelle wat gebruik word om 'n module te assesseer.

**Eksamentydperk**

Die tydperk aan die einde van elke semester, soos aangedui in die universiteitskalender, waarin eksamens afgeneem word.

**Eksamenvraestel**

’n Vorm van assessering, bestaande uit 'n stel vrae, mondeling en/of skriftelik, oor 'n module(s) of gedeelte daarvan, wat tydens die assesseringsgeleentheid gestel word.

**Eksterne assessering**

Met eksterne assessering word eksterne eksaminering en/of eksterne moderering en/of eksterne standaardbeoordeling bedoel.

**Eksterne assessor**

'n Persoon wat nie op die permanente diensstaat van die Universiteit is nie, en die assesseringskrifte nasien of mondelinge assesserings en/of praktiese assesserings beoordeel. (In die geval van hernasien van assesseringskrifte tree hierdie persoon as arbiter op).

**Eksterne moderator**

'n Persoon wat nie op die permanente diensstaat van die Universiteit is nie en wat toesien dat die assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomstes op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

**Finale syfer**

Die berekende syfer van die modulesyfer en assesseringsyfer, afgerond tot ’n persentasieheelgetal.

**Gedruipte module**

'n Module wat gedruip word.

**Gegradueerde**

’n Student wat aan die minimum vereistes van die betrokke kwalifikasie voldoen en waarin die student, na assessering, die vereiste vlak van bekwaamheid bereik het.

**Geleentheidstudent**

'n Student wat aan die toelatingsvereistes van die Universiteit voldoen, en wat vir modules inskryf wat deel vorm van goedgekeurde kwalifikasies, maar wat nie vir die volle kwalifikasie registreer nie.

**Gesamentlike punt**

Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot ’n persentasie heelgetal, van die semesterpunt/modulepunt/jaarpunt en assesseringpunt.

**Halfjaarpunt**

Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die semester in 'n bepaalde module van ‘n program, en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit/skool/departement voorgeskryf.

**Interne moderator**

'n Persoon wat op die permanente diensstaat van die Universiteit is en wat toesien dat assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomstes op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

**Jaarpunt**

Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot ’n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die jaar in 'n bepaalde kursus, en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit en/of departement voorgeskryf.

**Kurrikulum**

’n Kurrikulum bestaan uit die samehangende modules uit verskillende dissiplines, wat oor die gespesifiseerde tydperk waarin ’n student die gestelde leeruitkomstes moet bereik, deel van die leerprogram vorm.

**Kwalifikasie**

In ’n uitkomsgebaseerde benadering verwys ’n kwalifikasie na die sertifisering van bereikte leeruitkomstes van ’n program, uitgedruk as akkumulering van krediete op spesifieke vlakke. ’n Kwalifikasie verteenwoordig die gedemonstreerde prestasie van ’n student in beplande en doelgerigte kombinasie van leeruitkomstes, wat daarop gerig is om studente met toegepaste bevoegdheid en ’n basis vir verdere leer toe te rus.

**Leerinhoud**

Dit is die inhoud van leerstof van ‘n spesifieke module.

**Leerprogram**

’n Leerprogram is die struktuur waarbinne die kummulatiewe leer wat ’n student suksesvol moet deurloop om die uittreevlakuitkomstes van ’n kwalifikasie te bemeester, aangedui word. Dié struktuur bestaan uit ’n samehangende kombinasie van modules/leereenhede, uitgedruk in uitkomsgebaseerde formaat en wat ’n akademiese en/of professionele/beroepsgerigte fokus het. Studente mag op verskillende punte of vlakke tot die leerprogram toetree en ook op betekenisvolle punte of vlakke uittree.

**Leeruitkomste**

Leeruitkomste is die kontekstueel gedemonstreerde eindproduk van die leerproses. ’n Uittreevlakuitkoms is die leeruitkoms wat deur die kwalifiserende student bereik moet word op die stadium waartydens uit die program wat tot die betrokke kwalifikasie lei, getree word. ’n Spesifieke leeruitkoms is kontekstueel gedemonstreerde kennis, vaardighede en waardes wat een of meer kritiese uitkomstes ondersteun en ’n spesifisering van die uittreevlakuitkomstes is.

**Module**

’n Module is ‘n samehangende, selfstandige leereenheid wat ontwerp is om ’n stel spesifieke leeruitkomstes te bereik. In ’n modulêre kwalifikasiestruktuur het ’n module ’n standaardgrootte en aangewese gewigstoekenning en vlak in die program. ’n Module kan ’n fundamentele, kern- en elektiewe funksie in ’n program vervul.

**Modulesyfer**

Die berekende syfer, afgerond tot ’n persentasieheelgetal, van ’n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk in ’n bepaalde module, en bereken op ’n wyse soos vervat in die modulehandleiding.

**Navorsingsverslag**

'n Wetenskaplike geskrif deur 'n student van mindere omvang as 'n proefskrif of verhandeling.

**OSKE**

Objektiewe Gestruktureerde Kliniese Eksamen.

**Professionele module(s)**

Verwys na alle modules waar vaardighede en kennis oor die professie (bv Arbeidsterapie, Fisioterapie, Optometrie en Dieetkunde) onderrig word.

**Program**

’n Program is die oorkoepelende fokus van die verskillende leerprogramme waaruit die program aamgestel is. ’n Program is die akademiese verbesondering van een of meer strategiese fokusse van die Universiteit.

**Registrasie**

’n Jaarlikse kontraktuele verbintenis tussen die Universiteit en die student ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures.

**Semesterpunt**

Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die semester in 'n bepaalde kursus, en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit en/of departement voorgeskryf.

**Semesterstelsel**

Dit impliseer dat die akademiese jaar in twee onafhanklike semesters verdeel word, en dat assessering aan die einde van elke semester afgelê word.

**Statuut**

Die statuut van die Universiteit van die Vrystaat, soos gewysig en uitgevaardig kragtens artikel 32 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet nr. 101 van 1997 soos gewysig) en ingevolge die bepalings van artikel 33 van genoemde Wet met die goedkeuring van die Minister van Onderwys afgekondig is.

**Toelatingsyfer**

Die jaar- of semester- of modulesyfer wat as toelatingsvereiste tot die eindassessering in die module geld.

**Veronderstelde leerure**

Veronderstelde leerure impliseer die ingeligte beraming van die gemiddelde leertyd wat ’n gemiddelde student spandeer om die minimum leeruitkoms(tes) te bereik. Sodanige leertyd sluit kontaktyd, praktiese werk, selfstandige en begeleide studie en assesseringstyd in. Een(1) krediet is ekwivalent aan tien veronderstelde leerure.

**Voortsettingsmodule**

Die betrokke voortsettingsmodule dien as voorbereidende studie vir die daaropvolgende studiejaar. Die finale punt behaal in 'n voortsettingsmodule word oorgedra na die daaropvolgende studiejaar. Geen slaagvereistes word ten opsigte van 'n voortsettingsmodule gestel nie.

## SLUITINGSDATUM

Alle voornemende studente in die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe is onderhewig aan **keuring.** Voltooide keuringsvorms vir toelating vir die komende jaar moet **voor** of/op die **laaste Vrydag in Mei** ingedien word. Voltooide toelatingsvorms en navrae moet gestuur word aan :

Die Fakulteitsbeampte
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
UV
Posbus 339
9300 Bloemfontein

Tel: (051) 401-7513
Faks: (051) 401 3226

## AMPTELIKE ADRES

Korrespondensie in verband met akademiese aangeleenthede (studente, verblyf, lenings en beurse) moet geadresseer word aan:

Die Registrateur
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
9300 Bloemfontein

Tel: (051) 401-9111

***Nota***

***Meld asseblief u studentenommer en e-pos adres (indien toepaslik) op alle korrespondensie aan die Universiteit***

# SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE

# GRAADPROGRAMME

## ALGEMENE ORIËNTERING

In hierdie boek vind u die regulasies van die Universiteit van die Vrystaat vir Baccalaureusgrade:

| | | |
|---|---|---|
| B.Sc. Dieetkunde: ........ | Graadkode: | 8360 |
| B. Arbeidsterapie:......... | Graadkode: | 8330 |
| B. Optometrie ............... | Graadkode: | 8311 |
| B.Sc. Fisioterapie ......... | Graadkode: | 8320 |

**Nuwe programme – eerstejaar vanaf 2012**

| | | |
|---|---|---|
| B.Arbeidsterapie:.......... | Graadkode: | 8331 |
| B.Sc. Dieetkunde: ........ | Graadkode: | 8361 |

**Nuwe programme – eerstejaar vanaf 2013**

| | | |
|---|---|---|
| B.Sc. Fisioterapie ......... | Graadkode: | 8321 |
| B. Optometrie | Graadekode: | 8312 |

Die student moet die volgende drie stelle regulasies nakom:

- Die Algemene Regulasies van die Universiteit (die algemene regulasies wat op u betrekking het, word in die teks genoem en, in sommige gevalle, vir u gerief opgesom).

- Die Regulasies van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe (in hierdie teks vir studente uiteengesit).

- Regulasies wat spesifiek op u professie betrekking het (in die relevante afdeling hieronder uiteengesit).

Hierdie regulasies word uiteengesit om u met die volgende te help

**Om ’n student te word**

- Toelating en keuring.

- Registrasie as ’n student.

**Sukses as ’n student**

- Klasbywoning.

- Toets- en eksamenregulasies.

- Slaag- en bevorderingsvereistes.

# REGULASIES VIR DIE SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE

(Met verwysing na die Algemene Jaarboek van die Universiteit van die Vrystaat waar nodig)

## OM ’N STUDENT IN DIE SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE TE WORD

Om ’n student in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe te word, moet u tot die Universiteit toegelaat word, as ’n student vir dié program gekeur word en dan vir die Baccalaureusgraad in die program registreer.

**Let wel: Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself van die regulasies van die skool sowel as hul spesifieke program te vergewis.**

### Reg AGB1.1 Toelatingsvereistes

Om as ’n student aan die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe te registreer, moet studente voldoen aan die vereistes van **Algemene Regulasies A1, A2 en A5** van die Algemene Jaarboek en as studente vir hulle gekose studieveld in die **Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe gekeur** wees. Studente moet voorts voldoen aan die vereistes van die spesifieke regulasies betreffende registrasie vir hulle gekose studieveld.

**Toeligting**

(a) Studente aan die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe moet vir studie in hulle professie gekeur word alvorens hulle as student vir die program kan registreer.

(b) Studente wat aan die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe vir ’n professie wil studeer, is onderworpe aan keuring, aangesien slegs ’n beperkte getal studente vir elke professie jaarliks geakkommodeer kan word.

(c) Keuring word gebaseer op akademiese potensiaal, meriete en die omvang en vlak van aktiwiteit wat buite die aktiwiteite van die akademiese kurrikulums voorgeskryf word.

(d) Die volgende faktore speel ’n belangrike rol in die keuringsbeleid: Billikheid t.o.v. potensiaal, voorkeur aan persone uit die sentrale gebiede van die land en die plattelandse gebiede van Suid-Afrika.

(e) Studente wat nie aan die vereistes van hulle program vir bevordering na die volgende studiejaar voldoen nie, moet opnuut ’n **geskrewe aansoek** om keuring aan die Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe rig waarin hulle motiveer waarom hulle hertoegelaat behoort te word (verwys na Reg AGB10).

(f) Studente ontvang opleiding by die goedgekeurde opleidingskomplekse en lewer ook gemeenskapsdiens in Bloemfontein en omgewing. Studente is verantwoordelik vir hul eie vervoer tydens opleiding.

**Reg AGB1.2: Toelating van studente afkomstig van ander universiteite**

(a) ’n Student wat aan ’n ander universiteit vir ’n B.Sc. in Dieetkunde, B. in Arbeidsterapie, B. in Optometrie of B.Sc. in Fisioterapie- of soortgelyke program geregistreer was, en wat nie vir verdere studie in die relevante program aan die ander universiteit toegelaat is nie, sal nie toegelaat word vir studie aan die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe by hierdie universiteit nie.

(b) ’n Student wat van universiteit wil verander en aan die Universiteit van die Vrystaat wil studeer, sal toegelaat word om aan die einde van die eerste of tweede studiejaar hierheen te skuif, mits die programme en sillabusse van die modules by die betrokke universiteit die nodige krediete en uitkomstes voorsien het, en op voorwaarde dat hy/sy as ’n student vir sy/haar program gekeur is.

| | |
|---|---|
| **B. Arbeidsterapie** | TP = 36<br>Keuring<br>Nasionale Senior Sertifikaat<br>Onderrigtaal minimum prestasievlak van 5 (60%)<br>Wiskunde = Prestasievlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe = Prestasievlak 5 (60%)<br>**en/of**<br>Fisiese Wetenskappe = Prestasievlak 5 (60%) |
| **B.Sc. Dieetkunde** | TP = 36<br>Keuring<br>Nasionale Senior Sertifikaat<br>Onderrigtaal minimum prestasievlak van 5 (60%)<br>Wiskunde = Prestasievlak 4 (50%)<br>Fisiese Wetenskappe = Prestasievlak 4 (50%)<br>**en/of**<br>Lewenswetenskappe = Prestasievlak 4 (50%) |
| **B.Sc. Fisioterapie** | TP = 36<br>Keuring<br>Nasionale Senior Sertifikaat<br>Onderrigtaal minimum prestasievlak van 5 (60%)<br>Wiskunde = Prestasievlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe = Prestasievlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe = Prestasievlak 5 (60%) |
| **B. Optometrie** | TP = 36<br>Keuring<br>Nasionale Senior Sertifikaat<br>Onderrigtaal minimum prestasievlak van 5 (60%)<br>Wiskunde = Prestasievlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe = Prestasievlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe = Prestasievlak 5 (60%) |

**Registrasie as ’n student**

U kan as ‘n student registreer deur die volgende stappe te doen:

Registreer u modules deur die programregulasie in u gekose studieveld te kies. Verwys na die regulasies in die afdeling hieronder wat op u professie betrekking het, naamlik B. Arbeidsterapie, B.Sc. Dieetkunde, B.Sc. Fisioterapie of B. Optometrie.

Kies die modules uit die program wat op u studiejaar betrekking het en registreer vir dié modules.

**Belangrik:** Alle programme wat in die SAGB aangebied word, is **voltydse** programme,

Studente sal nie toegelaat word om gelyktydig te registreer vir modules binne ander fakulteite vir graaddoeleindes nie. Indien ‘n student vir enkele bywoningsmodules uit eie keuse buite die Fakulteit registreer, sal geen toegewings in die geregistreerde program gemaak word ten opsigte van klasbywoning, toetse en eksamens nie.

**Reg AGB1.3: Vrystelling van modules wat die student reeds geslaag het**

(a) ’n Student wat ’n studiejaar herhaal, moet alle modules aanbied wat **nie in die vorige jaar geslaag is nie**, sowel as die modules wat in elke spesifieke program se regulasies aangedui word. Indien ’n student die professionele dissipline modules wel in die vorige jaar geslaag het, moet hy/sy ’n bywoningpunt van 80% in die jaar wat die student herhaal behaal (verwys na program spesifieke regulasies), en mag die student vrygestel word van die hoof eksamengeleentheid van die relevante module(s).

(b) Aansoek vir vrystelling van die bogenoemde hoof eksamengeleentheid, word gedoen op die voorgestelde aansoekvorm wat beskikbaar is by die kantoor van die Adjunk Direkteur: Fakulteit Administrasie. Hierdie aansoekvorm moet ingedien word by die Hoof van die Skool via die Hoof van die Departement, voor die aanvang van die hoof eksamengeleentheid.

(c) ’n Student wat in ’n ander program aan die Universiteit gestudeer het, of wat ’n ander graad aan die Universiteit behaal het, mag van sekere modules vrygestel word, mits hy/sy aan die vereistes van die algemene regulasies **Reg A10, Reg A11 en Reg A12** voldoen.

**Reg AGB1.4: Registrasie as ’n student by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA)**

Daar word van alle studente aan die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe vereis om as studente by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika te registreer vir die professie waarvoor hulle studeer.

**Opmerkings:** Die reëls en regulasies wat op u registrasie as ’n student by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) betrekking het, is van

toepassing en beskikbaar by die kantoor van die Direkteur: Fakulteitsadministrasie.

# HOE OM AS STUDENT TE SLAAG

Om ’n student te wees is maklik, om sukses te behaal, moet ’n student aan sekere vereistes, soos hieronder uiteengesit, voldoen:

## Reg AGB1.5 Toelating tot ‘n assesseringsgeleentheid

(a) Bywoning van al die kontaksessies in al die modules is verpligtend.

(b) Studente wat **minder as 80%** van die kontakperiodes van ’n module of kliniese inwoning bygewoon het, sal **nie** toegelaat word om aan die assessering aan die einde van die module of inwoning deel te neem nie en sal nie vir ’n bykomende assesseringsgeleentheid in aanmerking kom nie. (Verwys ook na program spesifieke bepalings wat mag geld).

(c) Sodra ’n afwesigheidpunt van 20% bereik word, word ’n student nie toegelaat om voort te gaan met klasse sonder die Dekaan of Hoof van die Skool se goedkeuring nie.

(d) ’n Minimum modulepunt van 40% vir alle modules in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe word vereis vir toelating tot die assessering. (Verwys ook na program spesifieke bepalings wat mag geld).

(e) ‘n Student in sy/haar finale semester wat sy/haar studie om die kwalifikasie te verwerf, na aflegging van die Hoof jaareindeksamen moet verleng as gevolg van ‘n druip in ‘n enkele module tydens die eksamen, (alle ander modules moet geslaag wees), kan tot die Bykomende jaareindeksamen toegelaat word. (Verwys asb. na program spesifieke bepalings wat kan geld).

## Reg AGB1.6 Samestelling van module punt

’n Student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk wat tydens die module afgeneem is kan bydra tot die modulepunt. (Besonderhede van die samestelling van die modulepunt is in die afsonderlike modulehandleidings vervat).

## Reg AGB 1.7 Promoveringstelsel

Geen promoveringstelsel op voorgraadse vlak bestaan vir modules wat in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aangebied word nie.

## Reg AGB1.8 Assesseringstelsel

### 1.8.1 Algemene regulasies met betrekking tot programme

(a) Daar is slegs **twee (2)** eksamengeleenthede in die SAGB, naamlik die Hoof- en Bykomende geleentheid.

(b) Studente kan slegs kwalifiseer om aan ’n Bykomende halfjaareksamen/Bykomende jaareindeksamen deel te neem indien hulle aan die Hoof halfjaareksamen/Hoof jaareindeksamen deelgeneem het en daarvoor gekwalifiseer het. As studente modules oordra van ‘n vorige studiejaar, mag daar eksamenroosterbotsings wee. Studente sal slegs vir die modules wat hul oordra, **een** eksamengeleentheid hê, naamlik die **Bykomende halfjaareksamen/Hoofjaareindeksamen.** Huidige modules **moet** tydens die **Hoof jaareindeksamen** geskryf word.

(c) Die Bykomende eksamen sal plaasvind na afloop van die hoof eksamen in die eerste en tweede semesters.

(d) **Belangrik: ‘n Minimum eksamenpunt van 40% en ‘n gesamentlike finale punt van 50% is nodig vir ‘n student om te slaag. (Uitgesluit program spesifieke regulasies).**

(e) **Finale jaar:** ’n Student wat die finale assessering aan die einde van die vierde jaar druip, sal ’n maksimum van twee verdere assesseringsgeleenthede in die daaropvolgende jaar toegestaan word (Junie/November).

### 1.8.2 Kwalifisering vir die Bykomende Assesseringsgeleentheid

’n Student kwalifiseer vir ’n bykomende eksamengeleentheid indien:

(a) ’n Finale gesamentlike punt van 45% tot 49% tydens die hoof eksamengeleentheid behaal is.

(b) ’n Mediese sertifikaat van ‘n geregistreerde mediese praktisyn moet voorgelê word wat as geldige rede beskou word om nie die hoof eksamengeleentheid te gebruik nie.

**Opmerking**: Hierdie sertifikaat moet **binne 48 uur** by die Hoof van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe, Kamer 227, CR de Wet-gebou ingedien word. Vir studente wat op hierdie wyse aan die bykomende eksamengeleentheid deelneem bestaan geen verdere geleentheid nie.

(c) **Geen** bykomende eksamengeleentheid bestaan vir studente om hul finale punt te verbeter vir modules wat in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aangebied word nie.

(d) Die bykomende eksamengeleentheid van die eerste semester sal plaasvind onmiddellik na afloop van die hoof eksamengeleentheid en die bykomende eksamengeleentheid van die tweede semester sal onmiddellik plaasvind na afloop van die hoof eksamengeleentheid van die tweede semester.

(e) Eksterne assessore en moderatore word gebruik vir die vierdejaar-finale eksamen. Slegs op aanbevelling van eksterne assessore sal ‘n herevaluasie in slegs die kliniese/praktiese werk toegestaan word as deel van die eerste assesseringsgeleentheid.

(f) Eksamenpunte sal beskikbaar gestel word op die kennisgewingbord van die CR de Wet-gebou asook op die netwerk van die UV. **Studente is verantwoordelik om self inligting rakende datums, tye en lokale van die Bykomende half/jaareindeksamen vanaf die netwerk van die UV te bekom of die betrokke departement te kontak.**

### 1.8.3 Berekening van punte

(a) Beide die modulepunt en die assesseringpunt dra elk 50% by tot die finale gesamentlike eksamenpunt.

(b) Berekening van punte van kandidate wat vir ’n Bykomende Halfjaareksamen/Jaareindeksamen gekwalifiseer het:

(i) Indien ’n student weens siekte aan die Bykomende halfjaar-/jaareindeksamen deelneem word die finale gesamentlike punt bereken soos vir die halfjaar-/Hoof jaareindeksamen (dit wil sê modulepunt en assesseringspunt). Reg AGB1.8(d) is ook van toepassing. ‘n Gesamentlike punt an 50% moet behaal word om die module te slaag.

(ii) Indien ‘n student vir ‘n Bykomende halfjaar-/jaareindeksamen gekwalifiseer het, sal die module- en eksamenpunt van die Bykomende halfjaareksamen/jaareindeksamen in berekening gebring word (dit wil sê 50% = modulepunt en 50% = eksamenpunt van die Bykomende halfjaareksamen/jaareindeksamen). ‘n Gesamentlike punt van 50% moet behaal word om ‘n module te slaag. (Reg AGB1.8 is van toepassing).

## Reg AGB 1.9 Slaagvereistes

(a) ’n Student moet alle modules in sy betrokke studiejaar slaag, soos aangedui in die spesifieke regulasies van die program, om na ’n volgende studiejaar bevorder te word.

(b) Om ’n module te slaag moet ’n finale gesamentlike punt van minstens 50% behaal word. (Verwys na uitsonderings in spesifieke programme).

(c) Verwys na regulasies van die SAGB programme ten opsigte van voorgeskrewe sub-minimums vir spesifieke modules.

## Reg AGB 1.10: Bevordering na volgende semester of studiejaar

(a) ’n Student met een uitstaande module in die eerste semester, kan voortgaan met modules in die tweede semester, indien die module nie verpligtend is vir die volgende semester se module nie ’n Student met meer as een uitstaande module van die eerste semester kan aansoek doen om voort te gaan met modules van die tweede semester slegs met spesiale

toestemming van die Dekaan. (Uitgesluit die eerste semester van die eerste studiejaar (verwys na Reg 1.13(g).

(b) Indien ’n student homself/haarself nog moet aanbied vir ’n Bykomende halfjaareksamen/jaareindeksamen in een van die modules en die klasse van die volgende semester reeds ’n aanvang geneem het, sal sodanige student slegs voorwaardelik geregistreer word vir modules in die nuwe semester, tot tyd en wyl die uitslag van die module bekend is. Geen vrystelling van klasbywoning sal vir die interim periode gegee word nie.

**RegAGB1.11: Vrystelling van modules wat reeds geslaag is**

(a) ’n Student wat reeds professionele module(s) geslaag het moet’n 100% bywoning van die kontakperiodes en kliniese inwoning hê om na die volgende studiejaar toegelaat te word. Vir ander modules kan aansoek gedoen word vir vrystelling op die voorgeskrewe aansoekvorm, wat by die kantoor van die Direkteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is, via die departementshoof by die Dekaan van Fakulteit Gesondheidswetenskappe gedoen word.

(b) Vir vrystelling van modules wat buite die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aangebied word, moet aansoek by die Dekaan van die betrokke Fakulteit gedoen word.

(c) Indien ‘n finalejaarstudent ‘n module die vorige jaar geslaag het en hy die jaar herhaal, geld slegs 80%-100% klas- en/of kliniese bywoning. Geen eksamen word dus geskryf nie. (Verwys na program spesifieke voorskrifte).

**Reg AGB 1.12: Eerste kwalifikasie Cum Laude**

(a) Waar ’n modulestelsel van toepassing is, word ’n kwalifikasie met lof toegeken indien ‘n finale punt van minstens 75% in elk van die voorgeskrewe module(s) van die finale jaar behaal word, en minstens 70% gemiddeld vir elk van die vorige studiejare oor die res van die program.

(b) Die kwalifikasie moet binne die voorgeskrewe tydperk behaal word om met lof te kan slaag.

**Reg AGB 1.13: Hertoelating van studente**

Die volgende is van toepassing, ongeag die bepalings van die Algemene Regulasies:

(a) ’n Student sal slegs toegelaat word om ’n bepaalde studiejaar te herhaal nadat hy/sy weer gekeur is en moet skriftelik daarom aansoek doen, sodra finale uitslae bekend is. Studente wat 50% en meer van die voorgeskrewe modules vir ’n bepaalde jaar gedruip het, sal nie weer tot die Fakulteit Gesondheidswetenskappe toegelaat nie.

(b) ’n Student in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe moet sy/haar eerste drie (3) studiejare binne ’n maksimum van vyf (5) kalenderjare voltooi.

(c) **Finale jaar:** ’n Student wat die finale assessering aan die einde van die vierde jaar druip, sal ’n maksimum van twee verdere assesserings-geleenthede toegestaan word. (Reg A15(g)): 'n Student in sy finale semester wat sy studie om die kwalifikasie te verwerf, na aflegging van die Hoof Jaareind-eksamen moet verleng as gevolg van 'n druip in 'n enkele module tydens die Hoof Jaareind-eksamen, (alle ander modules moet geslaag wees) kan ongeag enige bepalings deur die Direkteur: Akademiese Studente-dienste tot die Bykomende Jaareind-eksamen toegelaat word). (Verwys na program spesifieke regulasies).

(d) **Herhaling van ‘n finale jaar:** Verwys na program-spesifieke regulasies. Indien die student na die twee genoemde geleenthede steeds nie voldoen aan die vereistes vir hulle kwalifikasie nie, sal geen verdere registrasie as student in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe toegelaat word nie, behalwe op aanbeveling van die Dekaan en met goedkeuring van die Senaat.

(e) ‘n Student wat ‘n jaar gedruip het moet nie later as sewe (7) dae nadat die finale uitslag bekend is, skriftelik om herkeuring van die studiejaar aansoek doen by die Direkteur: Fakulteitsadministrasie.

(f) ’n Student wat hertoegelaat word tot ’n studiejaar moet alle professionele modules binne die geregistreerde program asook module(s) nie geslaag nie, weer aanbied. (Vir die modules wat reeds geslaag is, geld Reg AGB1.11).

(g) ‘n Student wat reeds 50% en meer van die modules in die eerste semester van die eerste jaar gedruip het, is verplig om Leer Ontwikkelingsprogram (LOP) in die tweede semester aan te bied (Reg AGB6).

(h) ’n Student in die Leerontwikkelingsprogram (LOP) moet al die modules van die program slaag om hertoegelaat te word tot die spesifieke leerprogram in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe waarvoor die student geregistreer was.

(i) ‘n Student wat sy/haar studies met meer as een jaar onderbreek, moet skriftelik aansoek doen vir hertoelating by die Hoof van die Skool en Dekaan. Voorwaardes mag geld.

**Reg AGB1.14: Bekendmaking van eksamenuitslae**

(a) Eksamenpunte sal op die kennisgewingbord in die CR de Wet-gebou aangebring word, en sal ook op die netwerk van die Universiteit van die Vrystaat beskikbaar wees.

(b) Verwys na Reg AGB1.8.2(e) – neem kennis.

**Reg AGB1.15: Appellering teen eksamenuitslae**

(a) Inligting rakende die prosedures is beskikbaar by die Administratiewe Beampte van die SAGB, kamer 234, CR de Wet-gebou.

Kontaknommer: 051-401 7571
E-pos: PrinslooSM@ufs.ac.za
Faks nommer: 051-401 3641

(b) ‘n Student moet binne vyf (5) dae na die eksamenuitslae amptelik deur die SAGB bekendgemaak is, die prosedure van appél volg ten einde aan die voorskrifte te voldoen (sien Reg A27(c).

**Reg AGB1.16: Plagiaat**

Die SAGB onderskryf die eksamenbeleid en beleid oor plagiaat van die Universiteit van die Vrystaat.

# REG A8 SOOS GOEDGEKEUR DEUR DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE SENAAT

(a) Vir studente wat vanaf 2012 en later registreer, is die module UFS101 ’n verpligte kredietdraende module vir ’n eerste graad of diplomakwalifikasie.

(b) (i) Kontakgebaseerde hoofstroomstudente (dié in ’n program wat ontwerp is vir voltooiing in die minimum periode gestipuleer) wat vir UFS101 geregistreer is in die eerste studiejaar. Hoofstroomstudente word bepaal deur die relevante TP-telling.

(ii) Studente in ’n uitgebreide program- en diplomakwalifikasies wat vir uitgebreide programme in 2012 geregistreer is en in daaropvolgende jare vir UFS101 in hul tweede jaar van studie registreer, uitgesluit dié geregistreer in die:

- Uitgebreide graadprogram in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en wie hulle in hul derde studiejaar by die UFS101-module aansluit;

- B.Ed. (Grondslag- en Intermediêre Fase) wie se TP-telling laer is as die hoofstroomvereiste om hulle by die UFS101-module in hul tweede studiejaar aan te sluit.

(c) Studente wat vir UFS101 geregistreer is, moet voldoen aan die minimum deelnamevereistes soos goedgekeur deur die Senaat.

(d) Student wat UFS101 suksesvol voltooi, verdien 16 krediete bykomend tot die aantal vereis vir die kwalifikasie waarvoor hulle geregistreer is.

*UFS101 is ’n voorvereiste module vir die voltooiing van hierdie kwalifikasie. Dit dra 16 krediete bykomend tot die minimum aantal krediete vereis vir hierdie kwalifikasie.

**Notas ter verduideliking**

(a) Student wat vir ’n tweede graad of ’n tweede diploma registreer, word nie toegelaat om UFS101 te doen nie. Studente wat voor 2012 in hoofstroomprogramme geregistreer het en wie UFS101 mag wil doen, sal nie toegelaat word om vir UFS101 te registreer nie. UFS101 is slegs in 2012 begin en is ingesluit in die kontrak van die 2012-kohort.

Bv. 1: ’n Student wie sy/haar eerste jaar B.Sc. in 2011 voltooi het en dan sy/haar kursus verander het om as ’n eerstejaar- LL.B.-student in 2012 registreer, is ’n senior student en moet nie vir UFS101 geregistreer word nie.

Bv. 2: Studente wat ’n oorbruggingsprogram aan die UV of elders voor 2012 voltooi het, en in hoofstroomprogramme in 2012 registreer, doen so vir ’n eerste graad of diploma en kwalifiseer om vir UFS101 te registreer.

(b) (i) Hoofstroomstudente (op kampus) met ’n TP-telling van 30 en hoër wat vir ’n eerste graad of eerste diploma registreer, registreer ook vir UFS101 in hul eerste jaar. Studente wat ’n oorbruggingsprogram soos CPP en UPP voor 2012 voltooi het, sal ’n TP-telling laer as 30 hê, maar hulle kwalifiseer as hoofstroom wanneer hulle vir hoofstroomgrade of -diplomas in 2012 registreer, en kwalifiseer dus om vir UFS101 te registreer.

(ii) Studente wat in uitgebreide graad- of uitgebreide diplomaprogramme in 2012 geregistreer is, registreer slegs volgende jaar vir UFS101. Studente wat voor 2012 vir uitgebreide graad- of uitgebreide diplomaprogramme geregistreer is, sal nie toegelaat word om vir UFS101 te registreer nie (UFS101 is slegs in 2012 begin en is ingesluit in die kontrak van die 2012-kohort).

- Studente wat vir die uitgebreide graadprogram in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in 2012 geregistreer is, sal vir UFS101 in hul derde studiejaar registreer.

- Studente wat in die B.Ed. Grondslag- of Intermediêre Fase in 2012 geregistreer is en met ’n TP-telling van laer as 30, registreer in hul tweede studiejaar vir UFS101. Studente wat voor 2012 vir die B.Ed. Grondslag- of Intermediêre Fase geregistreer is, sal nie toegelaat word om vir UFS101 te registreer nie (UFS101 is slegs in 2012 begin en is ingesluit in die kontrak van die 2012-kohort).

# REGULASIES WAT SPESIFIEK OP DIE KURRIKULUM EN DIE SLAAGVEREISTES VIR U SPESIFIEKE PROGRAM BETREKKING HET

**B.(ARBEIDSTERAPIE)** **Studiekode: 8330**

**Reg AGB 2.1: Graadprogram** **Krediete: 744**

## *REGULASIES VAN TOEPASSING OP OU PROGRAM 2012*

| VERPLIGTE MODULES | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Jaar 1** | | **Jaar 2** | | **Jaar 3** | **Jaar 4** |
| | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1 & 2** | **Sem 1 & 2** |
| **Arbeidsterapie** | ABT114<br>16 K | ABT124<br>16K | ABT214<br>16K<br>ABT234<br>16K | ABT224<br>16K<br>ABT244<br>16K<br>ABT264<br>16K | | |
| **Kliniese Arbeidsterapie** | | KAB123<br>12K | | | | |
| **Anatomie** | AAT108<br>32K | | | | | |
| **Fisiologie** | FFA208<br>32K | | | | | |
| **Sielkunde** | | PSY124<br>16K | PSY232<br>8K<br>PSY212<br>8K | PSY224<br>16K | | |
| **Sosiologie** | | SOS124<br>16K | SOS214<br>16K | | | |
| **Tegnologie en aktiwiteit** | ATO104<br>16K | | ATO204<br>16K | | | |
| **Biomeganika in aktiwiteit** | | | BFS214<br>16K | | | |
| **Tegnologie en Huishoudkunde** | | | ATH204<br>16K | | | |
| **Kliniese Arbeidsterapie** | | | KAB205<br>20K | | | |
| **Arbeidsterapie (Biomeganies)** | | | | | ABB307<br>28K | |
| **Arbeidsterapie (Ontwikkeling)** | | | | | ABD306<br>24K | |
| **Arbeidsterapie (Psigiatrie)** | | | | | ABP307<br>28K | |
| **Arbeidsterapie (Neuro-fisiologies)** | | | | | ABN306<br>24K | |
| **Arbeidsterapie (Tegnieke)** | | | | | ABT305<br>20K | |

| VERPLIGTE MODULES | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Jaar 1 | | Jaar 2 | | Jaar 3 | Jaar 4 |
| | Sem 1 | Sem 2 | Sem 1 | Sem 2 | Sem 1 & 2 | Sem 1 & 2 |
| **Kliniese Wetenskappe** | | | | | KPR305 20K | |
| **Kliniese Arbeidsterapie** | | | | | KAB309 40K | |
| **Arbeidsterapie in Gesondheidspraktyk** | | | | | | ABT408 32K |
| **Arbeidsterapie in Onderwys** | | | | | | ABP408 32K |
| **Arbeidsterapie-Navorsing** | | | | | | KAB406 24K |
| **Kliniese Arbeidsterapie** | | | | | | KAB409 112K |

## Reg AGB2.2: Slaagvereistes vir die eerste studiejaar

(a) ’n Student moet ABT114, ABT124, KAB123, AAT108, ATO104, FFA208 slaag en mag nie meer as 16 krediete per semester (modules buite die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe) na die tweede studiejaar oordra nie.

(b) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in KAB123 vereis.

(c) ’n Nuweling eerstejaarstudent wat, na die November-eksamen, slegs een uitstaande module (gedruipte kursus) benodig vir voltooiing van die voorgeskrewe kurrikulum van die eerste studiejaar, mag toegelaat word om ’n spesiale eksamen te skryf ooreenkomstig sekere voorwaardes soos in die Algemene Regulasies uiteengesit.

(d) Daar is geen eksamen in ATO104 Tegnologie en Aktiwiteitsreekse nie, maar ’n stelsel van deurlopende assessering aan die hand van die werk wat gedurende die jaar deur die student gedoen is, soos in die studentehandboek en studiegidse van die spesifieke departemente uiteengesit, lewer ’n jaarpunt ten opsigte waarvan die student 50% moet behaal om te slaag.

## Herhaling van eerste studiejaar

(a) Indien ’n student die eerste studiejaar gedruip het, moet al die modules wat binne die Fakulteit gesondheidswetenskappe aangebied word weer voorgelê word

(i) ‘n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in KAB123 vereis.

(b) Indien ‘n student nie PSY124 en PSY224eslaag het nie, moet dit weer aangebied word.

(c) Die student moet ’n 80% bywoningpunt, asook ’n modulepunt van 60%, in elke module behaal, ten einde aansoek te doen vir vrystelling van die eksamen.

(d) Indien ‘n student ATO104 in die eerste studiejaar geslaag het, sal erkenning vir die module toegestaan word.

**Reg AGB2.3: Interim Regulasie vir eerste studiejaar**

(a) Indien ‘n student die eerste studiejaar gedruip het, moet die volgende modules aangebied word: AAT108, KAB123, ABT114, ABT124, en ANT224.

(i) ‘n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in KAB123 vereis.

(b) Indien ‘n student nie PSY124 en PSY224 geslaag het nie, moet dit weer aangebied word.

(c) Die student moet ’n 80% bywoningpunt asook ’n modulepunt van 60%, in elke module behaal, ten einde aansoek te doen vir vrystelling van die eksamen.

(d) Indien ‘n student ATO104 in die eerste studiejaar geslaag het, sal erkenning vir die module toegestaan word.

**Reg AGB2.4: Slaagvereistes vir die tweede studiejaar**

(a) ’n Student mag ‘n maksimum van 16 krediete van enige van die volgende modules (PSY232, PSY212, PSY224 en SOS214) oordra na die derde studiejaar op voorwaarde dat die student al die ander voorgeskrewe modules van die eerste en tweede studiejare geslaag het. Die module(s) wat oorgedra word moet buite die akademiese rooster van die departement van die derde studiejaar aangebied word.

(b) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word vir elk van die modules ABT214, ABT234, ABT224, ABT244 en ABT264 vereis.

(c) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in elke afdeling van KAB205 vereis.

(d) Daar is geen eksamen in ATO204 of ATH204 nie, maar ’n jaarpunt van 50% moet in elkeen van hierdie modules behaal word om te slaag, soos in die studiegidse verduidelik.

**Herhaling van die tweede studiejaar**

(a) ’n Student wat die tweede studiejaar herhaal moet al die modules aanbied, wat binne die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe gegee word, sowel as alle ander ontbrekende modules.

(b) Die student moet ’n 80% bywoningpunt, asook ’n modulepunt van 60% in elk van die modules behaal, ten einde aansoek te doen vir vrystelling van die eksamen.

**Interim Regulasie vir 2013**

(a) Indien ‘n student die tweede studiejaar gedruip het, moet die volgende modules aangebied word: FFA214, FFA224, ABT214, ABT234, ABT224, ABT244, KAB204, KPR202 en ATH204.

 (i) Indien ‘n student ATH204 in die tweede studiejaar geslaag het, sal erkenning vir die module toegestaan word.

(b) Indien ‘n student nie PSY232 en PSY212 geslaag het nie, moet dit weer aangebied word.

(c) Indien ‘n student nie ATO204 in die eerste geleentheid van ‘n tweede studiejaar geslaag het nie, sal ‘n verpligte werksopdrag in hierdie module geslaag moet word (‘n subminimum van 50% moet behaal word).

(d) Indien ‘n student nie BFS214 in die eerste geleentheid van ‘n tweede studiejaar geslaag het nie, sal ‘n verpligte werksopdrag in hierdie module geslaag moet word (‘n subminimum van 50% moet behaal word).

**Reg AGB2.5: Slaagvereistes vir die derde studiejaar**

(a) ’n Student moet ABB307, ABD306, ABN306, ABP307, ABT305, KAB309 en KPR305, sowel as al die uitstaande module(s) (16 krediete) van die vorige studiejare slaag ten einde na die vierde studiejaar oorgeplaas te word.

(b) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in elke afdeling van KAB309 vereis.

**Herhaling van die derde studiejaar**

(a) ’n Student wat die derde studiejaar herhaal moet alle uitstaande modules van die derde studiejaar aanbied.

(b) Die student moet ook weer registreer, soos toepaslik, vir die professionele dissipline modules (ABB307, ABD306, ABN306, ABP307, ABT305, KAB309) vir die modules wat reeds geslaag is. ’n 80% - 100% bywoningpunt in elk van die toepaslike modules word vereis ten einde toegelaat te word na die volgende studiejaar.

**Interim Regulasies vir 2014**

(a) Indien ‘n student die eerste studiejaar van die derde jaar gedruip het, moet alle modules (KAB308, KAB304, ABT308, ABT309 en KPR304) aangebied word.

(b) Indien ‘n student nie KPR305 geslaag het nie, moet KPR202 (psigiatrie) aangebied word. Bywoning is opsioneel.

**Reg AGB2.6: Slaagvereistes vir die vierde studiejaar**

(a) ’n Student moet al die eksamens van die vierde studiejaar slaag.

(b) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in elke module van KAB409 vereis.

(c) ’n Subminimum van 40% word vir elke vraestel onderskeidelik in die eksamen in ABT408 en ABP408 vereis.

(d) ’n Student moet vir die elektiewe inwoning aan die minimum vereistes voldoen soos voorgeskryf in die modulegids van KAB409.

(e) ’n Finale punt van 50% word vir KAB406 vereis.

**Reg AGB2.7: Herhaling van die vierde studiejaar**

(a) ’n Student wat aan die einde van die vierde studiejaar een van ABT408, ABP408 of KAB409 druip, word nie **voor** Junie van die volgende jaar vir herassessering oorweeg nie.

(b) ’n Student wat KAB406 druip, moet hierdie projek herhaal en dit in Junie van die volgende jaar vir assessering inhandig.

(c) ’n Student wat die finale eksamen ingevolge (a) druip, sal toegelaat word om die eksamen weer na **ses maande** te skryf. So ’n student registreer dan vir een of meer van die volgende modules: KAB414, ABT414, ABP414.

(d) As ’n student ’n eksamen druip, mag hy/sy by slegs twee geleenthede vir eksamen aanmeld.

(e) In uitsonderlike gevalle mag aanbeveel word dat ’n student toegelaat word om ’n herassesering te ondergaan.

**Interim Regulasie vir 2015**

(a) Indien ‘n student die vierde studiejaar gedruip het, moet ABT408 en KAB408 aangebied word.

(b) ’n Student wat KAB406 druip, moet ‘n projek herhaal en dit in Junie van die volgende jaar vir assessering aanbied.

(c) ’n Student wat die finale eksamen ingevolge (a) druip, sal toegelaat word om die eksamen weer na ses maande te skryf. So ’n student registreer dan vir een van of albei die volgende modules: KAB414, ABT414.

(d) As ’n student ’n eksamen druip, mag hy/sy by slegs twee geleenthede vir eksamen aanmeld.

(e) In uitsonderlike gevalle mag aanbeveel word dat ’n student toegelaat word om ’n herassesering te ondergaan.

**Herassessering**

Kyk Algemene Regulasies.

# REGULASIES WAT SPESIFIEK OP DIE KURRIKULUM EN DIE SLAAGVEREISTES VIR U SPESIFIEKE PROGRAM BETREKKING HET

**B.(ARBEIDSTERAPIE)** **Studiekode: 8331**

**Reg AGB 3.1: Graadprogram** **Krediete: 540**

***REGULASIES VAN TOEPASSING OP NUWE PROGRAM VANAF 2012***

***(STUDENTE WAT IN 2012 AS EERSTEJAARS GEREGISTREER HET)***

| VERPLIGTE MODULES | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Jaar 1 | | Jaar 2 | | Jaar 3 | Jaar 4 |
| | Sem 1 | Sem 2 | Sem 1 | Sem 2 | Sem 1 & 2 | Sem 1 & 2 |
| | | | | | | |
| **Arbeidsterapie** | ABT114 16K | ABT124 16K | ABT214 16K ABT234 16K | ABT224 16K ABT244 16K | ABT308 32K ABT309 32K | ABT408 32K |
| **Kliniese Arbeidsterapie** | KAB123 12K | | KAB204 16K | | KAB308 32K | KAB408 64K |
| **Navorsing** | | | | | KAB304 16K | KAB404 16K |
| **Anatomie** | AAT108 32K | | | | | |
| **Fisiologie** | | | FFA214 16k | FFA224 16k | | |
| **Sielkunde** | | PSY124 16K PSY224 16K | PSY232 8K PSY212 8K | | | |
| **Antropologie** | | ANT224 16K | | | | |
| **Tegnologie en Aktiwiteit** | ATO104 16K | | ATH204 16K | | | |
| **Kliniese Wetenskappe** | | | | KPR202 8k | KPR304 16K | |

**Reg AGB3.2: Slaagvereistes vir die eerste studiejaar**

(a) ’n Student moet ABT114, ABT124, KAB123, AAT108, en ATO104 slaag ten einde na die tweede studiejaar bevorder te word.

(i) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in KAB123 vereis.

(ii) Daar is geen eksamen in ATO104 Tegnologie en Aktiwiteit nie, maar ’n stelsel van deurlopende assessering aan die hand van die werk wat gedurende die jaar deur die student gedoen is, soos in die studiegids van die spesifieke departemente uiteengesit, lewer ’n jaarpunt ten opsigte waarvan die student 50% moet behaal om te slaag.

(b) ‘n Student moet ANT224, PSY124, PSY224 slaag en mag nie meer as 16 krediete van genoemde modules in (b) na die tweede studiejaar oordra nie.

(c) ‘n Nuwejaar-eerstejaarstudent wat na die November-eksamen slegs een uitstaande module in (a) (gedruipte modules) benodig vir voltooiing van die voorgeskrewe kurrikulum van die eerste studiejaar, mag toegelaat word om ’n spesiale eksamen te skryf ooreenkomstig sekere voorwaardes soos in die Algemene Regulasies uiteengesit.

**Herhaling van eerste studiejaar**

(a) ’n Student wat die eerste studiejaar herhaal, moet al die ontbrekende modules (AAT108, KAB123, ABT114 en ABT124) aanbied.

(i) Indien ‘n student ATO104 in die eerste studiejaar geslaag het, sal vrystelling erkenning vir die module toegestaan word.

(b) Die student moet ook weer registreer, soos toepaslik, vir die professionele dissipline modules (AAT108, KAB123, ABT114 en ABT124) vir die modules wat reeds geslaag is. ‘n 80%-100% bywoningspunt in elk van die relevante modules, word vereis vir toelating tot die volgende studiejaar.

**Reg AGB3.3: Slaagvereistes vir die tweede studiejaar**

(a) ’n Student moet FFA214, FFA224, ABT214, ABT234, ABT224, ABT244, KAB204, KPR202 en ATH204 slaag ten einde na die derde studiejaar bevorder te word.

(i) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in elke afdeling van KAB205 vereis.

(ii) Daar is geen eksamen in ATH204 nie, maar ’n jaarpunt van 50% moet in hierdie module behaal word om te slaag, soos in die studiegids verduidelik.

(b) ’n Student moet PSY232 en PSY212 slaag en mag nie meer as 8 krediete van genoemde modules na die derde studiejaar oordra nie.

(i) Die module wat oorgedra word moet buite die akademiese rooster van die departement van die derde studiejaar aangebied word.

**Herhaling van die tweede studiejaar**

(a) ’n Student wat die tweede studiejaar herhaal moet al die ontbrekende modules aanbied (FFA214, FFA224, ABT214, ABT234, ABT224, ABT244, KAB204, KPR202 en ATH204).

(b) Die student moet ook weer registreer, soos toepaslik, vir die professionele dissipline modules **(**ABT214, ABT234, ABT224, ABT244, KAB204) vir die modules wat reeds geslaag is. ’n 80%-100% bywoningpunt in elk van die toepaslike modules word vereisten einde toegelaat te word tot die volgende jaar van studie.

**Reg AGB3.4: Slaagvereistes vir die derde studiejaar**

(a) ’n Student moet ABT308, ABT309, KAB308 en KAB304 slaag, asook (waar van toepassing) die vorige uitstaande module (8 krediete) van die vorige studiejaar ten einde na die vierde studiejaar oorgeplaas te word.

  (i) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in elke afdeling van KAB304 vereis.

(b) ‘n Student moet beide semesters van KPR304 slaag ten einde na die vierde studiejaar bevorder te kan word.

  (i) Assessering sal aan die einde van semester 1 en 2 van die derde studiejaar plaasvind.

  (ii) ‘n Student moet 70% van die temas binne elke semester slaag.

  (iii) ‘n Derdejaarstudent wat nie die eerste semester se assessering van KPR304 geslaag het nie, kan aansoek doen vir ‘n spesiale geleentheid in die November-eksamen.

**Herhaling van die derde studiejaar**

(a) ’n Student wat die derde studiejaar herhaal moet alle ontbrekende modules van die derde studiejaar aanbied (ABT308, ABT309, KAB308, KAB304 en KPR304).

(b) Die student moet ook weer registreer, soos toepaslik, vir die professionele dissipline modules (ABT308, ABT309, KAB308 en KAB304) wat reeds geslaag is. ’n 80%-100% bywoningpunt in elk van die modules word vereis ten einde toegelaat te word tot die volgende jaar van studie.

**Reg AGB3.5: Slaagvereistes vir die vierde studiejaar**

(a) ’n Student moet al die eksamens van die vierde studiejaar slaag.

(b) ’n Subminimum van 45% (eksamenpunt) word in elke afdeling van KAB408 vereis.

(c) ’n Subminimum van 40% word onderskeidelik vir elke vraestel in die eksamen in ABT408 vereis.

(d) ’n Student moet vir die elektiewe inwoning aan die minimum vereistes voldoen soos voorgeskryf in die modulegids van KAB408.

(e) ’n Finale punt van 50% word vir KAB404 vereis.

**Reg AGB3.6: Herhaling van die vierde studiejaar**

(a) ’n Student wat aan die einde van die vierde studiejaar een van KAB408 of ABT408 nie slaag nie, word nie **voor** Junie van die volgende jaar vir herassessering oorweeg nie.

  (i) Al die modules word weer aangebied en geassesseer.

(b) ’n Student wat KAB404 druip, moet ‘n projek herhaal en dit in Junie van die volgende jaar vir assessering aanbied.

(c) As ’n student ’n eksamen druip, mag hy/sy by slegs twee geleenthede vir eksamen aanmeld.

(d) In uitsonderlike gevalle mag aanbeveel word dat ’n student toegelaat word om ’n herassesering te ondergaan.

**Herassessering**

Kyk Algemene Regulasies.

**B.SC. (DIEETKUNDE)** **Studiekode 8360**

**Reg AGB4.1(a): Graadprogram** **Krediete: 608**

## *REGULASIES VAN TOEPASSING OP OU PROGRAM*

## *(STUDENTE WAT TOT 2011 AS EERSTEJAARS GEREGISTREER HET)*

| VERPLIGTE MODULES | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Jaar 1** | | **Jaar 2** | | **Jaar 3** | | **Jaar 4** |
| | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1 & 2** |
| **Biofisika** | | BFS124 16K | | | | | |
| **Biologie** | BLG114 16K | | | | | | |
| **Chemie** | CEM114 16K | CEM144 16K | | | | | |
| **Sielkunde** | PSY152 8K | | | | PSY332 8K | | |
| **Voeding** | VDG114 16K | VDG124 16K | VDG214 16K | VDG224 16K | | | |
| **Voedsel** | VDS214 16K | VDS224 16K | | | | | |
| **Biochemie** | | | BCC214 16K | | | | |
| **Fisiologie** | | | FFH208 32K | | | | |
| **Mikrobiologie** | | | MCB214 16K | | | | |
| **Molekulêre en Sel-biologie van die mens** | | | MBG214 16K | | | | |
| **Ondernemingsbestuur** | | | EBUS61 406 16K | OBS244 16K | | | |
| **Chemiese Patologie en Farmakologie** | | | | | DCF304 16K | | |
| **Gemeenskapsvoeding** | | | | | GVD306 24K | | GVD409 48K |
| **Kliniese Voeding** | | | | | KVD316 24K | KVD324 16K | KVD409 48K |
| **Gemeenskaps-ontwikkeling en Groepwerk** | | | | DAM222 8K | | | |
| **Voedingnavorsing** | | | | | NVD304 16K | | NVD408 32K |
| **Grootmaatvoeding** | | | | | VGM314 16K | VGM324 16K | VGM409 48K |

**B.SC. (DIEETKUNDE)** **Studiekode 8361**

**Reg AGB4.1(b): Graadprogram** **Krediete: 518**

## *REGULASIES VAN TOEPASSING OP NUWE PROGRAM*

## *(STUDENTE WAT VAN 2012 AF AS EERSTEJAARS GEREGISTREER HET)*

| VERPLIGTE MODULES | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Jaar 1** | | **Jaar 2** | | **Jaar 3** | | **Jaar 4** |
| | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1 & 2** |
| **Biofisika** | | BFS124 16K | | | | | |
| **Biologie** | BLG114 16K | | | | | | |
| **Chemie** | CEM114 16K | | | | | | |
| **Sielkunde** | | | | | PSY332 8K | | |
| **Voeding** | VDG114 16K | VDG124 16K | VDG214 16K | VDG224 16K | | | |
| **Voedsel** | VDS214 16K | VDS224 16K | | | | | |
| **Biochemie** | | | BCC214 16K | | | | |
| **Fisiologie** | | | FFH208 32K | | | | |
| **Mikrobiologie** | | | MCB214 16K | | | | |
| **Molekulêre en Selbiologie van die mens** | | | MBG214 16K | | | | |
| **Ondernemingsbestuur** | | | EBUS614 06 16K | | | | |
| **Dieetkunde Diensleer** | DDL102 8K | | DDL202 8K | | DDL302 8K | | |
| **Gemeenskapsvoeding** | | | | | GVD312 8K | GVD324 16K | GVD408 38K |
| **Kliniese Voeding** | | | | | KVD314 16K KVD334 16K | KVD324 16K | KVD408 49K |
| **Voedingnavorsing** | | | | | NVD304 16K | | NVD404 16K |
| **Grootmaatvoeding** | | | | | VGM314 16K | VGM324 16K | VGM406 23K |

**Interim Regulasie**

Studente wat tot 2011 vir BSc Dieetkunde I (studiekode 8360) geregistreer het moet die kwalifikasie volgens Reg AGB3.1 soos in die 2011 Jaarboek aangedui, voltooi.

**Reg AGB4.2: Slaagvereistes vir die eerste studiejaar**

(a) ’n Student mag nie modules wat meer as 32 krediete werd is, na die tweede studiejaar oordra nie.

(b) Herhaling van die eerste studiejaar: Studente wat die eerste studiejaar herhaal moet vir al die modules registreer wat nie in die vorige jaar geslaag is nie, asook VDG114 en VDG124. Indien ‘n student wel VDG114 en VDG124 in die vorige jaar geslaag het, verwys Reg AGB1.3.

**Reg AGB4.3: Slaagvereistes vir die tweede studiejaar**

(a) ‘n Student mag nie modules wat meer as 16 krediete werd is, na die derde studiejaar oordra nie.

(b) Herhaling van die tweede studiejaar: ‘n Student wat die tweede studiejaar herhaal, moet vir al die modules registreer wat nie in die vorige jaar geslaag is nie, asook VDG214 en VDG224. ‘n Student wat MBG214 of FFH208 geslaag het, word vrygestel van die modules. ‘n Student wat VDG214 en VDG224 in die vorige jaar geslaag het word verplig om die modules te herhaal (verwys Reg AGB1.3).

(c) ‘n Student wat die tweede studiejaar herhaal mag vir Grootmaatvoeding (VGM314 en VGM324) tesame met die modules soos in Reg AGB3.3(b) gespesifiseer, registreer; onderhewig aan goedkeuring van die Departementshoof.

**Interim regulasies vir 2013**

(a) ‘n Student wat BSc Dieetkunde II in 2013 moet herhaal, moet vir al die relevante module(s) registreer, soos gespesifiseer in Reg AGB3.3.

(b) ‘n Student wat DAM222 in 2013 moet herhaal, moet dit deur middel van selfstudie doen soos gereël met die Departemente Arbeidsterapie en Maatskaplike Werk aan die UV, aangesien DAM222 in 2013 uitfaseer.

**Reg AGB4.4: Slaagvereistes vir die derde studiejaar**

(a) ’n Student moet alle modules van die derde studiejaar slaag om na die vierde studiejaar oorgeplaas te word.

(b) Herhaling van die derde studiejaar: ‘n Student wat die derde studiejaar herhaal, moet vir al die modules registreer wat nie in die vorige jaar geslaag is nie, asook KVD316, KVD324 en DCF304. ‘n Student wat GVD306, VGM314, VGM324 of NVD304 met 60% of meer geslaag het, word vrygestel van hierdie modules. ’n Student wat KVD316, KVD324 en DCF304 in die vorige jaar geslaag het, word verplig om hierdie modules te herhaal (verwys Reg AGB1.3).

**Interim Regulasies 2014**

(a) ‘n Student wat BSc Dieetkunde III in 2014 moet herhaal, moet vir al die module(s) registreer wat nie in die vorige jaar geslaag is nie, asook KVD314, KVD334 en KVD324. ‘n Student wat GVD312 en GVD324, VGM314, VGM324 of NVD304 met 60% of meer geslaag het, word vrygestel van hierdie modules. ‘n Student wat KVD314, KVD334 en KVD324 in die vorige jaar geslaag het, word verplig om hierdie modules te herhaal (verwys Reg AGB1.3).

(b) ‘n Student wat DCF in 2014 moet herhaal, moet dit deur middel van selfstudie doen soos gereël met die dosente wat die klasse aanbied, aangesien DCF304 in 2014 uitfaseer.

**Interim Regulasie 2015**

(a) ‘n Student wat BSc Dieetkunde III in 2015 moet herhaal, moet vir al die modules registreer wat nie in die vorige jaar geslaag is nie, asook KVD314, KVD334 en KVD324. ‘n Student wat GVD312 en GVD324, VGM314, VGM324 of NVD304 met 60% of meer geslaag het, word vrygestel van hierdie modules. ’n Student wat KVD314, KVD334 en KVD324 in die vorige jaar geslaag het, word verplig om hierdie modules te herhaal (verwys Reg AGB1.3).

**Reg AGB4.5: Slaagvereistes vir die vierde studiejaar**

(a) ’n Student moet al die modules van die vierde studiejaar slaag. Verwys Reg AGB1.9.

(b) ’n Student wat in die finale eksamen van die vierde studiejaar nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, mag toegelaat word om die eksamen weer na ses maande/een semester (in geval van een module wat herhaal moet word), of na 12 maande/ twee semesters (in geval van meer as een module wat herhaal moet word), af te lê. So ’n student moet dan vir een of meer van die volgende kodes registreer: GVD414, KVD414, NVD414, VGM414.

**Herassessering**

Kyk Algemene Regulasies.

**B.SC. (FISIOTERAPIE)** **Studiekode 8320**

**Reg AGB5.1(a): Graadprogram** **Krediete: 568**

## *REGULASIES VAN TOEPASSING OP OU PROGRAM VANAF 2013*

## *(STUDENTE WAT VOOR 2013 AS EERSEJAARS REGISTREER HET)*

| **VERPLIGTE MODULES** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Jaar 1** | | **Jaar 2** | | **Jaar 3** | **Jaar 4** |
| | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1 & 2** | **Sem 1 & 2** |
| | | | | | | |
| **Fisika** | FSK134<br>16K | FSK144<br>16K | | | | |
| **Chemie** | CEM114<br>16K | CEM124<br>16K | | | | |
| **Anatomie** | AFT108<br>32K | | | | | |
| **Sielkunde** | PSY112<br>8K<br>PSY152<br>8K | PSY124<br>16K | PSY212<br>8K<br>PSY232<br>8K | PSY224<br>16K | | |
| **Farmakologie** | | | FRM214<br>16K | FRM224<br>16K | | |
| **Fisioterapie** | FST108<br>16K | | FST209<br>64K | | FST309<br>64K | FST409<br>128K |
| **Fisiologie** | | | FFA208<br>32K | | | |
| **Kliniese Fisioterapie** | | | | | KFS308<br>16K | |
| **Fisioterapeutiese Behandeling** | | | | | FTB309<br>64K | |
| **Navorsingsmetodo-logie** | | | | | | FST408<br>16K |

## *REGULASIES VAN TOEPASSING OP NUWE PROGRAM VANAF 2013*

## *(STUDENTE WAT IN 2013 AS EERSEJAARS REGISTREER)*

**B.Sc (Fisioterapie)** **Studiekode 8321**

**Reg AGB5.1(b): Graadprogram** **Krediete: 518**

| **VERPLIGTE MODULES** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Jaar 1** | | **Jaar 2** | | **Jaar 3** | **Jaar 4** |
| | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1 & 2** | **Sem 1 & 2** |
| | | | | | | |
| **Fisika** | FSK134 16K | FSK143 12K | | | | |
| **Chemie** | CHE142 8K CHE151 4K | CHE122 8K CHE132 8K | | | | |
| **Anatomie** | AFT108 32K | | | | | |
| **Sielkunde** | PSY152 8K | | PSY332 8K | PSY224 16K | | |
| **Kliniese wetenskappe vir Fisioterapie** | | | KFS208 16K | | KFS 308 16K | |
| **Fisioterapie** | FST106 24K | | FST209 56K | | FST309 56K | FST409 56K |
| **Fisiologie** | | | FFA208 32K | | | |
| **Kliniese Fisioterapie** | | | | | FTB309 45K | FTB409 65K |
| **Navorsingsmetodo-logie** | | | | | FST308 16K | FST408 16K |

**Verpligte vakansiewerk**

**Tweede studiejaar**

Tydens die tweede studiejaar moet elke student een week in ‘n hospitaal werk.

**Reg AGB5.2: Slaagvereistes vir eerste studiejaar**

(a) Om na die tweede studiejaar oorgeplaas te word, moet ’n student AFT108 en FST108 slaag.

(b) ’n Student mag twee en dertig (32) krediete (uitgesluit AFT108 en FST108) oordra na die tweede studiejaar. Slegs sestien (16) krediete per semester mag oorgedra word.

(c) Om FST108 te slaag, word ’n subminimum van 45% in die geskrewe eksamenvraestel en twee van die drie praktiese assesserings vereis:

(i) Rehabilitasie

(ii) Elektroterapie

(iii) Massering

(d) Indien ’n student die eerste studiejaar moet herhaal, maar wel FST108 in die vorige jaar geslaag het, moet hy/sy ’n klas en/of praktiese bywoningpunt van 100% hê om vrystelling van die eksamen te kry.

**Interim regulasies 2013**

(a) ‘n Student wat BSc Fisioterapie I in 2013 moet herhaal, moet registreer vir die eerste jaar van die nuwe hersiene program, wat in 2013 begin (verwys Reg AGB5.1b).

(b) ‘n Student wat enige van die modules in die huidige eerstejaarprogram in 2013 moet herhaal, moet vir al die relevante module(s) registreer, soos gespesifiseer in Reg AGB5.1a.

**Reg AGB5.3: Slaagvereistes vir die tweede studiejaar**

(a) ‘n Student mag slegs sestien (16) krediete van die volgende modules PSY212, PSY232, PSY224 oordra na die derde studiejaar op voorwaarde dat hy/sy al die ander voorgeskrewe eksamenmodules van die eerste en tweede studiejare geslaag het. Die module(s) wat oorgedra word moet buite die akademiese rooster van die departement aangebied word.

(b) ’n Student wat na twee akademiese jare nog nie volle getal ekwivalente modules van die eerste akademiese jaar geslaag het nie, kan toelating tot verdere studie in Fisioterapie geweier word.

(c) Om FST209 te slaag, word ’n subminimum van 45% in die geskrewe eksamenvraestel en twee van die drie praktiese assesserings vereis.

(i) Rehabilitasie

(ii) Elektroterapie

(iii) Massering

(d) Indien ’n student die tweede studiejaar moet herhaal maar wel FST209 in die vorige jaar geslaag het, moet hy/sy ’n klas- en/of praktiese bywoningpunt van 100% hê om vrystelling van die eksamen te kry.

**Interim regulasies 2014**

(a) ‘n Student mag slegs PSY332 of PSY224 oordra na die derde studiejaar op voorwaardee dat hy/sy al die voorgeskrewe eksamenmodules van die eerste en tweede studiejare geslaag het. Die module wat oorgedra word moet buite die akademiese rooster van die derde studiejaar aangebied word.

(b) Om KFS208 te slaag, word ‘n subminimum van 45% in die geskrewe eksamenvraestel vereis.

**Reg AGB5.4: Slaagvereistes vir die derde studiejaar**

‘n Student word na die vierde studiejaar oorgeplaas op voorwaarde dat hy/sy al die voorgeskrewe eksamenmodules van die derde studiejaar geslaag het.

(a) Om FST309 te slaag, word ’n subminimum van 45% in die geskrewe eksamenvraestel en twee van die drie praktiese assesserings vereis.

(i) Rehabilitasie

(ii) Elektroterapie

(iii) Massering

(b) Om Fisioterapeutiese Behandeling (FTB309) te slaag, word ’n subminimum van 45% in die geskrewe eksamenvraestel, asook ‘n subminimum van 45% in een van die volgende kliniese assesserings vereis:

(i) Kliniese evaluering

(ii) Kliniese behandeling

(c) Om te kwalifiseer vir ‘n kliniese herassessering, word ‘n gemiddelde kliniese eksamenpunt van 40% vereis

(d) Om KFS308 te slaag, word ‘n subminimum van 45% in die geskrewe eksamenvraestel vereis, met ‘n finale punt van minstens 50%.

(e) Indien ’n student die derde studiejaar moet herhaal, maar wel FST309 en/of FTB309 in die vorige jaar geslaag het, moet hy/sy ’n klas- en praktiese en kliniese bywoningpunt van 100% hê om vrystelling van die eksamen te kry.

**Reg AGB5.5: Slaagvereistes vir die vierde studiejaar**

(a) Die volgende subminimums geld:

**FST409**

(i) ‘n Minimum punt van 45% in elk van die twee geskrewe eksamenvraestelle word vereis.

(ii) ‘n Subminimum van 45% elk in twee van die drie kliniese assesserings.

(b) Om te kwalifiseer vir ‘n kliniese herassessering, word ‘n gemiddelde kliniese eksamenpunt (voorbereide en twee onvoorbereide kliniese assesserings) van 40% vereis.

**FST408**

‘n Subminimum van 45% word vereis in die navorsingsverslag.

**Reg AGB5.6: Herhaling van die vierde studiejaar**

(a) ‘n Student wat FST408 druip, moet ‘n protokol skryf en in Junie van die volgende jaar inhandig.

(b) ‘n Student wat tydens die finale eksamen n in die vierde studiejaar nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, mag toegelaat word om na **ses maande** weer eksamen te doen. So ‘n student registreer dan vir een of meer van die ontbrekende kodes: FST414 (Fisioterapie) en/of FST411 (Navorsingsmetodologie).

(c) Indien ‘n student albei FST409 en FST408 sou druip, moet die student die hele studiejaar herhaal.

**Reg AGB5.7: Hertoelating tot dieselfde studiejaar**

’n Student wat in een of meer modules van ’n betrokke studiejaar gedruip het, word slegs na keuring toegelaat om weer vir die kursus in Fisioterapie te registreer.

**B.(OPTOMETRIE)** **Studiekode 8311**

**Reg AGB6.1: Graadprogram** **Krediete: 620**

## *REGULASIES VAN TOEPASSING OP OU PROGRAM*

## *(STUDENTE WATGEREGISTREER HET AS EERSTEJAAR TOT EN MET 2012)*

| VERPLIGTE MODULES | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Jaar 1** | | **Jaar 2** | | **Jaar 3** | | **Jaar 4** |
| | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | **Sem 1** | **Sem 2** | |
| **Fisiese en Geometrie-seOptika** | FSK134 16K | FSK144 16K | | | | | |
| **Basiese Anatomie en Fi-siologie** | BMO108 32K | | | | | | |
| **Optometriese Teorie en Metodes** | OTM112 8K | OTM123 12K | OTM213 12K | OTM223 12K | OTM304 16K | | |
| **Oftalmiese reseptering** | PHT112 8K | PHT122 8K | PHT212 8K | PHT222 8K | | | |
| **Sielkunde** | PSY112 8K PSY152 8K | | | | | | |
| **Algemene Patologie** | | | CPT212 8K | CPT222 8K | | | |
| **Praktykbestuur en vaardighede** | | PLL122 8K | | | | | |
| **Oftalmiese en Visuele Optika** | | | FSK254 16K | | | | |
| **Toegepaste Anatomie en Fisiologie** | | | BMO208 32K | | | | |
| **Visuele Rehabilitasie** | | | | VRT223 12K | | | |
| **Omgewings- en industriële optometrie, trauma en okulêre noodhulp** | | | ENV213 12K | | | | |
| **Spesiale onderwerpe oor Optika** | | | | FSK264 16K | | | |
| **Okulêre patologie** | | | | | ADO304 16K | | |
| **Algemene- en Okulêre farmakologie** | | | | | GPH304 16K | | |
| **Okulêre Miologie en Visuele Ontwikkeling** | | | | | OMY304 16K | | |
| **Optometriese Navorsingsvaardighede** | | | | | ORE304 16K | | |
| **Sistemiese Patologie en Mediese Mikrobiologie** | | | | | SYP304 16K | | |
| **Kontaklens en Praktyk** | | | | | CLC304 16K | | CLC404 16K |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kliniese Optometrie** | | | | | COT304 40K | | COT409 88K |
| **Gemeenskapsgesondheid en verpligte inwoning** | | | | | PUB304 16K | | |
| **Optometriese Metodes IV en Gevorderde Pediatriese Optometrie** | | | | | | | PTO404 16K |
| **Behandeling van Skeelheid, Ambliopie en Binokulêre Abnormaliteite** | | | | | | | BVA404 16K |
| **Neuro-Optometrie en Visuele Terapeutiese Vaardigede** | | | | | | | VIT404 16K |
| **Diagnostiese en Laevisievaardighede** | | | | | | | DGN404 16K |
| **Kliniese Medisyne en Gevorderde Okulêre Siektetoestande** | | | | | | | CLM404 16K |

**Reg AGB6.2: Slaagvereistes vir die eerste studiejaar**

(a) 'n Student moet die modules FSK134, FSK144, BMO108, OTM112, OTM123, PHT112, PHT122 en PLL122 slaag om na die tweede studiejaar bevorder te word. ‘n Student wat PSY112 en/of PSY152 druip, sal toegelaat word om voort te gaan na die tweede jaar van studie.

(b) Alle eerstejaar modules wat in die semestergids aangedui word, word deurlopend geëvalueer, en studente moet 'n gemiddelde semester-/jaarpunt van ten minste 40% behaal om vir die finale eksamen in aanmerking te kom.

(c) ‘n Student wat die eerste jaar van die ou kurrikulum nie geslaag het nie, moet registreer vir die voorgeskrewe modules van die eerste jaar van die nuwe kurrikulum in 2013.

(i) Die eerstejaar student wat herhaal moet ‘n klasbywoning van 80% en praktiese bywoning van 100% hê in al die eerstejaar modules.

(ii) ‘n Student sal slegs geassesseer word in die modules wat nie geslaag is nie.

(iii) Vrystelling sal vir FSK134, FSK144, PSY112 en PSY152 verleen word indien dit gelsaag is.

(d) OPT111 en ACE111 is verpligte, nie-kredietdraende modules.

**Reg AGB6.3: Slaagvereistes vir die tweede studiejaar**

(a) 'n Student moet al die voorgeskrewe modules in die tweede studiejaar slaag om bevorder te word na die derde studiejaar.

(b) Alle modules wat in die semester-/jaargids aangedui word, word deurlopend geëvalueer, en ‘n gemiddelde semester-/jaarpunt van ten minste 45% moet behaal word om vir die finale semestereksamen in aanmerking te kom.

(c) ‘n Student moet enige uitstaande Sielkundemodule (PSY112 en/of PSY152) slaag om na die derde studiejaar bevorder te word.

(d) Geen student sal toegelaat word om ‘n voorgeskrewe tweedejaarmodule oor te dra na die derde studiejaar nie.

(e) ‘n Student wat die tweede jaar van die ou kurrikulum druip, moet vir alle voorgeskrewe modules in die tweede jaar van die nuwe kurrikulum in 2014 registreer.

(f) Die herhalende student moet 80% klasbywoning en 100% praktiese en kliniese bywoning hê in al die geregistreerde modules.

(g) Die student sal net weer geassesseer word in die modules wat hy/sy in 2013 gedruip het asook die addisionele geregistreerde module(s) van die nuwe kurrikulum.

**Reg AGB6.4: Slaagvereistes vir die derde studiejaar**

(a) ‘n Student moet al die modules in die derde studiejaar slaag om na die vierde studiejaar bevorder te kan word.

(b) Alle modules wat in die jaargids aangedui word, word deurlopend geëvalueer, en studente moet ‘n gemiddelde punt van ten minste 45% behaal om vir die finale eksamen in aanmerking te kom.

(c) Om OTM304 en CLC304 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in elke geskrewe eksamenvraestel asook in die finale praktiese assessering.

(d) Om ADO304 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in die geskrewe eksamenvraestel en 50% in die finale praktiese assessering.

(e) Om COT304 te slaag, is ‘n subminimum van 50% nodig in die finale praktiese assessering.

(f) Om GPH304, ORE304, SYP304 en PUB304 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in elke geskrewe vraestel.

(g) ‘n Student wat die derde jaar van die ou kurrikulum druip, moet vir alle voorgeskrewe modules in die derde jaar van die nuwe kurrikulum in 2015 registreer.

   (i) Die herhalende student moet 80% klasbywoning en 100% praktiese en kliniese bywoning in al die geregistreerde modules hê.

   (ii) Die student sal slegs geassesseer word in die modules wat hy/sy in 2014 gedruip het, asook die addisionele geregistreerde module(s) van die nuwe kurrikulum.

**Reg AGB6.5: Slaagvereistes vir die vierde studiejaar**

(a) 'n Student moet al die finale eksamenmodules van die vierde studiejaar slaag om die graadprogram suksesvol te voltooi.

(b) Die modules wat in die jaargids aangedui word, word deurlopend geëvalueer. Om in aanmerking te kom vir die finale eksamen, moet ‘n student:

(i) ‘n Gemiddelde punt van ten minste 50% in elke module behaal.

(ii) ‘n Spesifieke aantal pasiënte word vereis in Algemene Kliniek, Kontaklense, Pediatriese Optometrie, Binokulêre Visie en Okulêre Patologiese Gevalle. Studente moet hulself aan die begin van die jaar hiervan vergewis. Studente is self verantwoordelik om toe te sien dat hulle aan die voorgeskrewe gevalle voldoen.

(c) Om PTO404, CLM404, BVA404, CLC404 en VIT404 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in elke geskrewe eksamenvraestel.

(d) Om COT409 te slaag, is ‘n subminimum van 50% nodig in die finale praktiese assessering van

(i) Algemene kliniek

(ii) Kontaklens kliniek

(iii) Pediatriese Optometrie kliniek

(iv) Binokulêre Visie Kliniek

(e) Om DGN404 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in die geskrewe eksamenvraestel. ‘n Subminimum van 50% is ook nodig in die finale praktiese assessering van

(i) Lae Visie Vaardighede

(ii) Diagnostiese vaardighede

(f) Om by die GBRSA as ‘n optometris met diagnostiese voorregte te registreer moet ‘n student ‘n finale gekombineerde punt (jaarpunt van die diagnostiese vaardighede + finale diagnostiese vaardigheidspraktiese punt) van 75% in Diagnostiese vaardighede behaal, mits ‘n subminimum van 50% verkry is vir elke diagnostiese tegniek. ‘n Student met ‘n finale gekombineerde punt van minder as 75% sal as ‘n optometris met geen diagnostiese voorregte by die GBRSA geregistreer word.

(g) Eksterne assessore en moderatore word gebruik vir die vierdejaar finale eksamen. Slegs op aanbeveling van eksterne assessore sal ‘n herevaluasie toegestaan word as deel van die eerste assesseringsgeleentheid.

(h) Indien ‘n finalejaarstudent slegs een geskrewe module gedurende die hoof eksamengeleentheid druip, sal die student toegelaat word tot ‘n bykomende eksamengeleentheid.

**Reg AGB6.6: Herhaling van die vierde studiejaar**

(a) ‘n Student wat twee of minder submodules van die module COT409 druip, moet slegs die gedruipte submodules herhaal.

(b) ‘n Student wat drie of meer submodules van die module COT409 druip, moet al die submodules herhaal.

(c) ‘n Student wat twee of minder modules druip, moet slegs die gedruipte modules herhaal en sal toegelaat word om weer na ses maande in die nuwe jaar geëvalueer te word.

 (i) Die herhalende finalejaarstudent moet 80% klasbywoning in die gedruipte modules hê, asook 100% kliniek- en praktieswe bywoning in al die vierdejaar modules.

 (ii) Die student sal slegs in die modules wat hy/sy gedruip het, geassesseer word.

(d) 'n Student wat drie of meer modules druip in die finale jaar, moet die vierde jaar van studie herhaal.

 (i) Die herhalende finalejaarstudent sal vrygeskeld word van klasbywoning van die teoretiese modules wat hy/sy reeds deurgekom het. Nietemin moet die student steeds 80% klasbywoning in die gedruipte modules hê en 100% praktiese en kliniek bywoning hê in al die vierdejaarmodules.

 (ii) Die student sal slegs in die modules wat hy/sy gedruip het, geassesseer word.

**Reg AGB6.7: Erkenning van vorige leer**

(a) 'n Student wat aan 'n ander universiteit/technikon studeer het en 'n graad/diploma verwerf het, kan deur die Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe vrygestel word van slegs FSK134, FSK144 PSY112 en PSY152 modules op voorwaarde dat hy/sy aan die volgende Algemene Regulasies voldoen: Reg A10 en Reg A11.

**Reg AGB6.8: Ontbreking van studies**

(a) ‘n Student wat sy/haar studies onderbreek het vir ‘n jaar of minder, moet aansoek doen by die Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe om hertoelating tot die program.

(b) ‘n Student wat sy/haar studies onderbreek vir meer as ‘n jaar, moet:

(i) Aanvanklik aansoek doen by die Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe om hertoelating tot die program.

(ii) ‘n Praktiese vaardigheidseksamen suksesvol voltooi op die vlak van die laaste voltooide jaar, voor hertoelating.

(iii) Die hoof eksamengeleentheid van die laaste jaar wat voltooi is, skryf en slaag voor hertoelating.

**B.(OPTOMETRIE)** **Studiekode 8312**

**Reg AGB 7.1: Graadprogram** **Krediete: 588**

## REGULASIES VAN TOEPASSING OP DIE NUWE PROGRAM VANAF 2013

## (STUDENTE WAT GEREGISTREER HET AS EERSTEJAAR IN 2013)

| VERPLIGTE MODULES | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Jaar 1 | | Jaar 2 | | Jaar 3 | Jaar 4 |
| | Sem 1 | Sem 2 | Sem 1 | Sem 2 | | |
| **Fisiese en Geometriese Optika** | FSK134 16C | FSK144 16C | | | | |
| **Basiese Anatomie en Fisiologie** | BMO108 32C | | | | | |
| **Optometriese Teorie en Metodes** | OTM112 8C | OTM123 12C | OTM213 12C | OTM223 12C | | |
| **Oftalmiese Reseptering** | | PHT122 8C | PHT212 8C | PHT222 8C | PHT302 8C | |
| **Sielkunde** | PSY112 8C PSY152 8C | | | | | |
| **Algemene Patologie** | | | CPT212 8C | CPT222 8C | | |
| **Noodhulp vaardighede** | OPT111 | | | | | |
| **Sosiale en Akademiese vaardighede** | ACE111 | | | | | |
| **Etiek en Akademiese Vaardighede** | | PLL122 8C | | | | PLL402 8C |
| **Oftalmiese en Visuele Optoka** | | | FSK254 16C | FSK264 16C | | |
| **Toegepaste Anatomie en Fisiologie** | | | BMO208 32C | | | |
| **Lae Visie** | | | | VRT222 8C | VRT302 8C | VRT402 8C |
| **Omgewings- en Industriële Optometrie** | | | ENV212 8C | | | |
| **Okulêre Patologie** | | | | | ADO304 16C | ADO402 8C |
| **Algemene en Okulêre Farmakologie** | | | | | GPH304 16C | |
| **Binokulêre Visie** | | | | | BVA304 16C | BVA402 8C |
| **Optometriese Navorsings vaardighede** | | | | | ORE304 16C | ORE402 8C |
| **Sistemiese Patologie en Mediese Mikrobiologie** | | | | | SYP304 16C | |
| **Kontaklense en Praktyk** | | | | CLC222 8C | CLC304 16C | CLC402 8C |
| **Kliniese Optometrie** | | | | | COT304 24C | COT409 72C |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Publieke Gesondheid** | | | | PUB222<br>8C | PUB304<br>16C | |
| **Pediatriese Optometrie** | | | | | PTO302<br>8C | PTO402<br>8C |
| **Neuro Optometrie** | | | | | | VIT404<br>16C |
| **Diagnostiese vaardighede** | | | | | DGN302<br>8C | |
| **Kliniese Medisyne** | | | | | | CLM402<br>8C |

**Reg AGB7.2: Slaagvereistes vir die eerste studiejaar**

(a) 'n Student moet die modules FSK134, FSK144, BMO108, OTM112, OTM123,PHT112, PHT122 en PLL122 slaag om na die tweede studiejaar bevorder te word. ‘n Student wat PSY112 en/of PSY152 druip, sal toegelaat word om voort te gaan na die tweede jaar van studie.

(b) Alle eerstejaar modules wat in die semestergids aangedui word, word deurlopend geëvalueer, en studente moet 'n gemiddelde semester-/jaarpunt van ten minste 40% behaal om vir die finale eksamen in aanmerking te kom.

(c) ŉ Student wat die eerste jaar van studie druip, moet alle voorgeskrewe modules vir die eerste jaar herhaal.

(i) Die herhalende eerstejaar student moet 80% klasbywoning en 100% praktiese bywoning hê in al die eerstejaar modules.

(ii) Die student sal slegs in die modules wat hy/sy gedruip het, geassesseer word.

(iii) Vrystelling sal vir FSK134, FSK144, PSY112 EN PSY152 verleen word indien dit geslaag is.

(d) OPT111 en ACE111 is verpligte, nie-kredietdraende modules.

**Reg AGB7.3: Slaagvereistes vir die tweede studiejaar**

(a) 'n Student moet al die voorgeskrewe modules in die tweede studiejaar slaag om bevorder te word na die derde studiejaar.

(b) Alle modules wat in die semester-/jaargids aangedui word, word deurlopend geëvalueer, en studente moet 'n gemiddelde semester-/jaarpunt van ten minste 45% behaal om vir die finale semestereksamen in aanmerking te kom.

(c) ‘n Student moet enige uitstaande Sielkundemodule(s) (PSY112 en/of PSY152) slaag om na die derde studiejaar bevorder te word.

(d) Geen student sal toegelaat word om ‘n voorgeskrewe tweedejaarmodule oor te dra na die derde studiejaar nie.

(e) Om OTM213, OTM223, PHT212 en PHT222 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in elk van die geskrewe eksamenvraestelle, asook in die praktiese assessering.

(f) ‘n Student wat die tweede jaar van studie druip, moet al die voorgeskrewe modules vir die tweede studiejaar herhaal.

(i) Die herhalende tweedejaarstudent moet 80% klasbywoning en 100% praktiese en kliniek bywoning in al die tweedejaarmodules hê.

(ii) Die student sal slegs in die modules wat hy/sy gedruip het, geassesseer word.

**Reg AGB7.4: Slaagvereistes vir die derde studiejaar**

(a) ‘n Student moet al die modules in die derde studiejaar slaag om na die vierde studiejaar bevorder te word.

(b) Alle modules wat in die jaargids aangedui word, word deurlopend geëvalueer, en studente moet ‘n gemiddelde punt van ten minste 45% behaal om vir die finale eksamen in aanmerking te kom.

(c) Om CLC304, VRT302, PHT302, PTO304 en BVA304 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in elke geskrewe eksamenvraestel en 50% in die finale praktiese assessering.

(d) Om ADO304 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in die geskrewe eksamenvraestel.

(e) Om COT304 te slaag, is ‘n subminimum van 50% nodig in die finale praktiese assessering.

(f) Om GPH304, ORE304, SYP304 en PUB302 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in elke geskrewe vraestel.

(g) Om DGN302 te slaag, is ‘n subminimum van 50% nodig in die finale praktiese assessering. Vir ’n student om met diagnostiese voorregte te slaag, moet ’n minimum jaarpunt van 75% behaal word in die module.

(i) Om by die GBRSA as ‘n optometris met diagnostiese voorregte te registreer moet ‘n student ‘n finale gekombineerde punt (jaarpunt van die diagnostiese vaardighede + finale diagnostiese vaardigheidspraktiese punt) van 75% in Diagnostiese Vaardighede behaal, mits ‘n subminimum van 50% verkry is vir elke diagnostiese tegniek.

(h) ‘n Student wat die derde jaar van studie druip, moet al die voorgeskrewe modules vir die derde studiejaar herhaal.

(i) Die herhalende derdejaarstudent moet 80% klasbywoning hê asook 100% kliniek en praktiese bywoning in al die derdejaar modules.

(ii) Die student sal slegs in die modules wat hy/sy gedruip het, geassesseer word.

**Reg AGB7.5: Slaagvereistes vir die vierde studiejaar**

(a) 'n Student moet al die finale eksamenmodules van die vierde studiejaar slaag om die graadprogram suksesvol te voltooi. Indien ŉ student een of meer submodules van ŉ module druip, moet die hele module herhaal.

(b) Die modules wat in die jaargids aangedui word, word deurlopend geëvalueer. Om in aanmerking te kom vir die finale eksamen, moet ‘n student:

(i) ‘n Gemiddelde punt van ten minste 50% in elke module behaal.

(ii) ‘n Spesifieke aantal pasiënte hê in Algemene Kliniek, Kontaklense, Pediatriese Optometrie, Binokulêre Visie, Lae Visie en Okulêre Patologiese Gevalle. Studente moet hulself aan die begin van die jaar hiervan vergewis. Studente is self verantwoordelik om toe te sien dat hulle aan die voorgeskrewe gevalle voldoen.

(c) Om PTO402, CLM402, BVA402, PLL402, ADO402, CLC402, VRT402 en VIT404 te slaag, is ‘n subminimum van 45% nodig in elke geskrewe eksamenvraestel.

(d) Om COT409 te slaag, is ‘n subminimum van 50% nodig in die finale praktiese assessering van

(i) Algemene kliniek

(ii) Kontaklens kliniek

(iii) Pediatriese Optometrie kliniek

(iv) Binokulêre Visie Kliniek

(v) Lae Visie Kliniek

(vi) Okulêre Patologie Kliniek

**Reg AGB7.6: Herhaling van die vierde studiejaar**

(a) ‘n Student wat twee of minder submodules van die module COT409 druip, moet slegs die gedruipte submodules herhaal.

(b) ŉ Student wat drie of meer van die submodules van die module COT409 druip, moet al die submodules herhaal.

(c) 'n Student wat twee of minder modules druip, moet slegs die gedruipte modules herhaal en sal toegelaat word om weer na ses maande in die nuwe jaar geëvalueer te word.

(i) Die herhalende finalejaarstudent moet 80% klas bywoning in die gedruipte modules hê asook 100% kliniese en praktiese bywoning in al die vierdejaar modules.

(ii) Die student sal slegs in die modules wat hy/sy gedruip het, geassesseer word.

(d) ‘n Student wat drie of meer modules van die finale jaar druip, moet die vierde jaar van studie herhaal.

(i) Die herhalende finalejaarstudent sal vrygeskeld word van klasbywoning van die teoretiese modules wat hy/sy reeds deurgekom het. Nietemin moet die student steeds 80% klasbywoning in die gedruipte modules hê en 100% praktiese en kliniek bywoning hê in al die vierdejaarmodules.

(ii) Die student sal slegs in die modules wat hy/sy gedruip het, geassesseer word.

(e) Indien ŉ student nie die vereiste modulepunt behaal in ŉ module(s) vir eksamentoelating nie, sal hy toegelaat word tot die eksamen vir die module(s) waarin daar aan die vereistes voldoen is.

(f) Eksterne assessore en moderatore word gebruik vir die vierdejaar- finale eksamen. Slegs op aanbevelling van eksterne assessore sal ‘n herevaluasie toegestaan word as deel van die eerste assesseringsgeleentheid.

(g) Indien ‘n finalejaarstudent slegs een geskrewe module gedurende die hoof eksamengeleentheid druip, sal die student toegelaat word tot die addisionele assesseringsgeleentheid.

**Reg AGB7.7: Erkenning van vorige leer**

(a) 'n Student wat aan 'n ander universiteit/technikon studeer het en 'n graad/diploma verwerf het, kan deur die Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe vrygestel word van slegs FSK134, FSK144 PSY112 en PSY152 modules op voorwaarde dat hy/sy aan die volgende Algemene Regulasies voldoen: Reg A10 en Reg A11.

**Reg AGB7.8: Ontbreking van studies**

(a) ŉ Student wat sy/haar studies onderbreek het vir ŉ jaar of minder, moet aansoek doen by die Dekaan van die Fakulteit van Gesondhedswetenskappe om hertoelating tot die program.

(b) ŉ Student wat sy/haar studies onderbreek vir meer as ŉ jaar, moet:

(i) Aansoek doen by die Dekaan van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe om hertoelating tot die program.

(ii) ŉ Praktiese vaardigheidseksamen suksesvol voltooi op die vlak van die laaste voltooide jaar, voor hertoelating.

(iii) Die hoof jaareindeksamen van die laaste jaar wat voltooi is, skryf en deurkom voor hertoelating.

# LEERONTWIKKELINGSPROGRAM IN DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

# REGULASIES

**Leerontwikkelingsprogram** **Studiekode: 8003**

**Krediete: 96**

## Reg AGB6: Regulasies vir die Leerontwikkelingsprogram (LOP)

### Reg AGB6.1: Toelatingsvereistes

Slegs studente wat aan die einde van die eerste semester reeds hul jaar gedruip het sal toegelaat word tot die Leer Ontwikkelingsprogram. Studente wat reeds hul jaar aan die einde van die eerste semester gedruip het sal verplig word om vir die program te registreer.

**Toeligting**

Die volgende studente sal nie toegelaat word tot die program nie:

(a) ‘n Student wat reeds die Loopbaanvoorbereidingsprogram van die Universiteit voltooi het, voor keuring.

(b) Senior studente, bv. studente wat al reeds ’n graad behaal het of betrokke was in graadstudies voor seleksie tot die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe.

### Reg AGB6.2: Duur van program

Die Leer Ontwikkelingsprogram strek oor een semester (6 maande) en word gedurende die tweede semester aangebied.

### Reg AGB6.3: Die program

Die Leer Ontwikkelingsprogram strek oor die hele tweede semester en al die modules is verpligtend.

## Diagrammatiese voorstelling van die program

**K = Krediete**

| | | |
|---|---|---|
| **Biofisika** | BFS 124 | 16K |
| **Geïntegreerde Anatomie & Fisiologie** | BMN124<br>BMN143 | 16K<br>12K |
| **Wiskundige Geletterdheid** | *WTW164 | 16K |
| **Gevorderde Rekenaarvaardigheid** | RIS121 | 04K |
| **Taalvaardigheid** | ALM104/AFT194 | 16K |
| **Lewensvaardighede** | VBL194 | 16K |

## Reg AGB6.4: Klasbywoning

Bywoning van alle kontaksessies in die program is verpligtend. Studente wat minder as 80% van die sessies van ŉ module bygewoon het sal nie toegelaat word om deel te neem aan die eksamen nie. Die module sal as ŉ druip beoordeel word en studente sal nie kwalifiseer vir herassessering nie. In spesiale omstandighede kan die Dekaan of Hoof van die Skool toestemming gee vir afwesigheid of voorwaarde dat daar vooraf reëlings met die Hoof van die Skool getref is.

## Reg AGB6.5: Modulepunt

(a) Bykomend tot Reg A14, geld die regulasies van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe.

(b) Punte behaal in geskrewe, mondelinge en/of praktiese werk wat tydens die modules afgeneem is, kan bydra tot die modulepunt. (Besonderhede van samestelling van die modulepunt is uiteengesit in die verskillende modulehandleidings).

## Reg AGB6.6: Assesseringsregulasies

Verwys na die assesseringsregulasies van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe (Reg AGB. 1.5-1.13).

## Reg AGB6.7: Slaagvereistes

(a) ŉ Gesamentlike punt van minstens 50% moet behaal word om ŉ module te slaag.

(b) ŉ Subminimum van 40% moet in die eksamen behaal word.

## Reg AGB6.8: Promoveringsisteem

Geen promoveringsisteem bestaan in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe vir die program nie.

**Reg AGB6.9: Herhaling en hertoelating**

Geen student mag die Leer Ontwikkelingsprogram herhaal nie. Indien die student die program druip, sal hy/sy nie toegelaat word om voort te gaan met enige program in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe nie.

**Reg AGB6.10: Hertoelating tot SAGB programme**

**Semester 1**

Studente wat die Leer Ontwikkelingsprogram slaag sal hertoegelaat word tot die spesifieke leerprogram in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe waarvoor hy/sy geregistreer was. Studente sal al die modules van Semester 1 moet herhaal.